

Bib
149/88

LL

Saak No 149/1988

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APÈLAFDELING

In die appèl van:

DIE MINISTER VAN WET EN ORDE

Eerste Appellant

DIE STASIEBEVELVOERDER VAN DIE

SUID-AFRIKAANSE POLISIE, KOKSTAD

Tweede Appellant

teen

DATNIS MOTORS (MIDLANDS) (EDMS) BEPERK

Respondent

CORAM:

RABIE WND HR, VAN HEERDEN, SMALBERGER,
VIVIER et STEYN ARR

VERHOORDATUM:

10 NOVEMBER 1988

LEWERINGSDATUM:

25 NOVEMBER 1988

UITSpraak

VAN HEERDEN AR:

Gedurende November 1983 het die respondent 'n motorvoertuig ("die Datsun 1800") van ene Xulu gekoop. Daarna is die voertuig deur die respondent aan ene Nkomo verkoop.

Omstreeks 1 Maart 1984 het die respondent by wyse van 'n inruiltransaksie 'n tweede motorvoertuig ("die Datsun 1400") van V Conco verkry. Hierdie voertuig is later deur die respondent aan 'n mej Brown verkoop.

Gedurende 1984, en terwyl die voertuie in besit van onderskeidelik Nkomo en mej Brown was, het polisiebeamptes daarop beslag gelê. Die beslagleggings het ingevolge art 20 van die Strafproseswet 51 van 1977 ("die Wet") geskied. Daardie artikel magtig die Staat om beslag te lê op onder andere enigiets ("n voorwerp") wat op redelike gronde vermoed word betrokke te wees by, of wat tot bewys kan strek van, die pleging van 'n misdryf. In

die verrigtinge waarna hieronder verwys word, is aanvaar dat die betrokke beamptes wel rede gehad het om te vermoed dat die Datsun 1800 en die Datsun 1400 gesteelde voertuie was.

Na die beslagleggings het luitenant Joubert, die bevelvoerder van die voertuigafdeling van die Suid-Afrikaanse Polisie in Kokstad, die voertuie in bewaring geneem. Op grond van ondersoeke wat hy gedoen het en navrae wat hy gerig het, het hy gekonkludeer dat beide voertuie inderdaad gesteelde voorwerpe was. Die Prokureur-Generaal het egter geweier om te vervolg. Desnieteenstaande is die voertuie nie aan Nkomo en mej Brown terugbesorg nie, maar het die polisie in besit daarvan gebly. Die respondent het toe die polisie aangemaan om die voertuie aan hom te lewer. Die antwoord, by monde van Joubert, was dat nie aan die aanmaning voldoen kon word nie omdat die voertuie

gesteel was; deur wie, is nie gesê nie. Dit het later geblyk dat Joubert van mening was dat die voertuie ingevolge die bepalings van art 31 (1) van die Wet aan die Staat verbeur was.

Ten gevolge van die afwysing van die aanmaning het die respondent in die Natalse Provinsiale Afdeling 'n aansoek aanhangig gemaak. Dit was gerig op die verkryging van 'n bevel wat die appellante sou gelas om die voertuie aan die respondent te lewer. Die aansoek is met koste toegestaan waarna die appellante verlof verkry het om na hierdie hof te appelleer.

In die funderende verklaring is daarop aanspraak gemaak dat die respondent die eienaar van die voertuie was. In hierdie verband is beweer dat na die beslagleggings plaasvervangende voertuie deur die respondent aan Nkomo en mej Brown gelewer is, en dat elk toe afstand gedoen het - blykbaar ten gunste van die respondent - van sy of haar regte met betrekking

tot die voertuig waarop beslag gelê is. Kort voor die verhoor van die aansoek het die respondent egter sessies van Nkomo en mej Brown verkry. Dié was beliggaam in skriftelike dokumente wat onder dekking van 'n aanvullende verklaring ingedien is. Daarvolgens het elke koper sy of haar "right, title and interest" in die oorspronklik verkoopte voertuig aan die respondent gesedeer. Ook is spesifiek aan die respondent die reg verleen om besit van die voertuig vanaf die polisie te verkry.

Na indiening van bedoelde dokumente het die partye ooreengekom dat die aansoek bereg moes word asof die sessies verkry was voordat die aansoek aanhangig gemaak is. Die gevolg was dat die hof a quo slegs 'n enkele geskilpunt moes besleg, nl of die weiering van die Prokureur-Generaal om te vervolg meegebring het dat die Staat vanweë die bepalings van art 31 (1) van die Wet die voertuie aan Nkomo en mej Brown moes

terugbesorg. Indien wel, was dit gemene saak dat die
 . aansoek moes slaag.

Bogenoemde sub-artikel lui soos volg:

"(a) Indien geen strafregtelike verrigtinge ingestel word in verband met 'n in artikel 30 (c) bedoelde voorwerp nie of indien dit blyk dat so 'n voorwerp nie by die verhoor vir doeleindes van bewyslewering of vir doeleindes van 'n hofbevel nodig is nie, word die voorwerp teruggegee aan die persoon van wie dit in beslag geneem is, indien so 'n persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit, of, indien so 'n persoon daardie voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan die persoon wat dit wettiglik mag besit.

(b) Indien niemand so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie of indien die betrokke polisiebeampte nie weet van iemand wat so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie, word die voorwerp aan die Staat verbeur."

Art 30 (c), waarna in art 31 (1) (a) verwys word, het betrekking op 'n voorwerp wat ingevolge art 20 in beslag geneem is en wat in bewaring van of namens die polisie gebly het - soos die geval met die twee voertuie was. Nkomo en mej Brown was dus elk

geregtig op teruggawe van die betrokke voertuig indien hy of sy dit "wettiglik mag besit". Gevolglik was die enigste vraag of vanweë hierdie kwalifikasie die polisie nie verplig was om die voertuie aan Nkomo en mej Brown terug te besorg nie.

Joubert was die outeur van die bestrydende verklaring en twee verklarings aanvullend daartoe. Sy tersaaklike bewerings kan soos volg saamgevat word:

1) Die enjinnommer en onderstelnommer van 'n motorvoertuig word deur die vervaardiger gepons in die metaal van onderskeidelik die enjin en die onderstel daarvan. Hierbenewens word die nommers ook aangebring op 'n identifikasieplaat wat vasgeklank word aan die bakwerk van 'n voertuig. Daarop verskyn ook ander besonderhede aangaande die voertuig, soos die model, plek van vervaardiging en die stuknommer ("job number").

2) Na die beslagleggings het Joubert

vasgestel dat die oorspronklike enjin - en onderstelnummer van elke voertuig afgevl was en dat nuwe nommers ingepons was. (In die geval van die Datsun 1800 is die nuwe onderstelnummer egter op 'n plaat aangebring en aan die onderstel vasgeklink.) Dit het ook geblyk dat die identifikasieplaat van elke voertuig verwyder en deur 'n nuwe vervang was. Die enjin- en onderstelnummer wat op elke vervangende plaat verskyn het, het verskil van bogenoemde nuwe nommers.

3) Die nuwe identifikasieplate is versend aan die vervaardiger van Datsun voertuie. Aldus is vasgestel dat die enjin- en onderstelnummer wat op elke plaat verskyn nie deur die vervaardiger aan enige van sy voertuie toegeken is nie, en dat die stuknommers op die plate ook vals was. ('n Bevestigende verklaring van 'n amptenaar van die vervaardiger is ingedien.)

4) In die ritboeke van Nkomo en mej Brown is oordragvorms gevind. Dié was aangewend om oordrag

van die voertuie, vir registrasiedoeleindes, aan hulle te bewerkstellig. Die enjinnommer van die Datsun 1400 wat op die tersaaklike vorm vermeld word, verskil van die nuwe enjinnommer wat soos voornoemd ingepons is asook van die een wat op die identifikasieplaat voorkom. Dieselfde geld vir die Datsun 1800.

5) Gedurende die aanbieding van n televisieprogram bekend as "Police File" is foto's van die twee voertuie gebeeldsend. n Beskrywing van elke voertuig is ook verstrek. Kykers is meegedeel dat die Datsun 1800 en Datsun 1400 vermoedelik gesteelde voertuie was, en hulle is versoek om enige inligting wat die polisie behulpzaam kon wees aan Joubert oor te dra. Daar was egter geen reaksie nie.

6) Xulu het beweer dat hy die Datsun 1800 van ene English gekoop het. Conco het dieselfde ten aansien van die Datsun 1400 beweer. English het dit egter ontken. Hy het gesê dat hy geen kennis van die

voertuie gehad het nie.

7) Hoewel hy tot die oortuiging gekom het dat die voertuie gesteelde voorwerpe was, kon Joubert nie vasstel van wie elk gesteel was nie. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die feit dat die oorspronklike enjin- en onderstelnummer van die voertuie uitgewis is. Hy het wel vir English verdink - blykbaar òf as dief òf as heler - maar, soos reeds genoem, was die Prokureur-Generaal nie bereid om 'n vervolging in te stel nie.

Dit is dienstig om op hierdie stadium te meld dat Joubert ten aansien van die Datsun 1400 ook op 'n verdere feit gesteun het as aanduidend dat dit 'n gesteelde voertuig is. Hy sê naamlik dat die stempel van die respondent, as verkoper, op 'n oordragdokument wat hy in mej Brown se ritboek gevind het, en wat op die Datsun 1400 betrekking het, vervals is. Hierdie dokument is egter nooit aangewend om oordrag van

registrasie van enige voertuig te bewerkstellig nie, en die enjin- en onderstelnummer wat daarop voorkom verskil ook van sodanige nommers op mej Brown se registrasiedokument. Bowendien verskil eersgenoemde enjinnummer van enige van die ander enjinnummers van die Datsun wat Joubert vermeld; d w s, die nuut ingeponste nummer en die nummer op die identifikasieplaat. Ek meen dus nie dat dit afdoende blyk dat die vervalste vorm met die Datsun 1400 verband hou nie. Indien wel, weet 'n mens ook nie of die vorm vervals is voor of na die voertuig in besit van die respondent gekom het nie.

Dit was blykbaar gemene saak in die hof a quo dat die las op die appellante gerus het om aan te toon dat Nkomo en mej Brown nie die voertuie wettiglik kon besit nie. Die kwessie van die bewyslas is daarom nie spesifiek in die uitspraak van Didcott R behandel nie. Ook het hy dit nie nodig gevind om te bepaal presies

wat die frase "wettiglik mag besit" behels nie. Hy het naamlik ten gunste van die appellante veronderstel dat Nkomo en mej Brown nie die voertuie wettiglik sou kon besit nie indien hulle gesteel is en nooit daarna aan hul eienaars of besitters terugbesorg is nie. In hierdie veronderstelling het hy bevind dat die appellante nie op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het dat die respondent nie eienaar van die voertuie geword het toe hy hulle van Xulu en Conco bekom het nie; òf omdat die voertuie nooit gesteel is nie, òf omdat, indien diefstal wel gepleeg is, die toenmalige eienaars hulle teruggevind en daarna vervreem het.

(Die uitpraak is gerapporteer: Datnis Motors (Midlands) (Pty) Ltd v Minister of Law and Order 1988 (1) SA 503 (N)).

Bogenoemde frase ("die eerste frase") kom ook voor in art 34 (1) van die Wet. Hierdie subartikel is van toepassing by beëindiging van strafregtelike

verrigtinge wat ingestel is in verband met h in art 33 bedoelde voorwerp. So h voorwerp is een wat in art 30 (c) vermeld word en wat by h strafverhoor vir doeleindes van bewyslewering of h hofbevel nodig is. (Soos reeds genoem, slaan art 30 (c) op h voorwerp waarop ingevolge art 20 beslag gelê is en wat daarna deur of ten behoewe van die polisie bewaar is; d w s h voorwerp waaroor ooreenkomstig art 31 (1) beskik moet word indien geen strafregtelike verrigtinge in verband daarmee ingestel word nie.) Behoudens h kwalifikasie wat nie vir huidige doeleindes van belang is nie, bepaal art 34 (1) dat die regter of die regterlike amptenaar wat by die verhoor voorsit by beëindiging daarvan h bevel moet gee dat h in artikel 33 bedoelde voorwerp:

- "(a) aan die persoon teruggegee word van wie dit in beslag geneem is, indien so h persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit; of
- (b) indien so h persoon nie op die

voorwerp geregtig is of die voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan 'n ander persoon wat daarop geregtig is, teruggegee word, indien daardie persoon die voorwerp wettiglik mag besit; of .

- (c) indien geen persoon op die voorwerp geregtig is of indien geen persoon die voorwerp wettiglik mag besit nie of, indien die persoon wat daarop geregtig is, nie opgespoor kan word nie of onbekend is, aan die Staat verbeur word."

Eerstens moet dus oorweeg word of die voorwerp moet teruggaan na die persoon van wie dit ooreenkomstig die bepalings van art 20 in beslag geneem is. Paragraaf (a), gelees in samehang met paragraaf (b), bring mee dat 'n bevel ten gunste van hom gemaak moet word indien hy die voorwerp wettiglik mag besit en daarop geregtig is. Indien nie, moet die voorwerp toegewys word aan 'n ander persoon wat daarop geregtig is en dit wettiglik mag besit. Indien daar nie so 'n persoon is nie, of die reghebbende nie opgespoor kan word nie of onbekend is, word 'n verbeuringsbevel

gemaak.

Dit is dus duidelik dat 'n persoon vir die doeleindes van art 34 (1) in wettige besit van 'n voorwerp, maar nogtans nie daarop geregtig nie, kan wees. Omgekeerd kan hy daarop geregtig wees al sou hy dit nie wettiglik mag besit nie. In S v Marais 1982 (3) SA 988 (A) 1004 en 1017, het hierdie hof bevind dat die frase "n ander persoon wat daarop geregtig is" ("die tweede frase") slaan op 'n persoon wat privaatregtelik 'n aanspraak op die voorwerp het. Dit was egter nie vir die hof nodig om die eerste frase te vertolk nie. In 'n minderheidsuitspraak het Viljoen AR dit wel gedoen. Hy was van mening (op pp 1010-1011 en 1013) dat wettige besit gekontrasteer moet word met besit van 'n voorwerp wat kragtens 'n wetsbepaling verbode is. In hierdie verband het hy verwys na bepalings wat persone of klasse van persone verbied om voorwerpe soos afhanklikheidsvormende medisyne,

edelgesteentes of 'n vuurwapen te besit. Sy slotsom was dat die woord "besit" in art 34 "in 'n strafreg-gerigte betekenis" gebruik word. Tensy dit vir 'n persoon ingevolge 'n wetsbepaling verbode is om 'n voorwerp te besit, kan hy dit dus wel vir die doeleindes van art 34 wettiglik besit, wat egter nie meebring dat hy ook daarop geregtig is nie.

Na my mening is hierdie vertolking van die eerste frase te eng. Die opvatting dat die al of nie wettigheid van besit van 'n voorwerp met verwysing na die strafreg beoordeel moet word, is juis, maar dit bring nie mee dat die wetgewer slegs besit wat ingevolge 'n wetsbepaling verbode is, wou verhoed nie. Die woord "wettiglik" ("lawfully", volgens die Engelse teks) is wyd genoeg om as antitese van "wederregtelik" te dien ongeag die oorsprong van die reël waaruit die wederregtelikheid voortspruit. Ek kan dan ook aan geen rede dink waarom die wetgewer nie

sou beoog het dat die frase moet dien ter kontrastering van besit wat òf statutêr òf gemeenregtelik wederregtelik is nie. In beide gevalle is dieselfde element van 'n misdryf immers bevredig. 'n Dief kan dus nie in wettige besit van die gesteelde saak wees nie, want diefstal is 'n misdaad wat voortduur solank die dief in besit van die saak is.

In S v Campbell en 'n Ander 1985 (2) SA 612 (SWA) 615, is in navolging van Hiemstra, Suid-Afrikaanse Strafproses, 3de uitg, p 46, maar sonder verwysing na bogenoemde uitspraak van Viljoen AR, bevind dat 'n persoon vir die doeleindes van art 34 (1) 'n voorwerp wettiglik mag besit "indien dit nie 'n misdryf aan sy kant is om dit te besit nie". Coetzee WNR het egter ook gesê: "Na my mening het die Wetgewer nie in gedagte gehad voorwerpe wat enigeen mag besit sonder dat die blote besit daarvan 'n misdryf daarstel nie". In die reël, indien nie altyd nie, stel blote

besit van h verbode voorwerp egter nie die besitter strafregtelik aanspreeklik nie, maar is skuld ook h vereiste. Dit kom my dus voor dat Coetzee WNR slegs beoog het om h onderskeid te trek tussen, aan die een kant, wettige besit en, aan die ander kant, wederregtelike besit, d w s besit wat die wederregtelikheidselement van h misdryf konstitueer. Of hy by laasgenoemde slegs besit wat kragtens h wetsbepaling verbode is, wou betrek, is nie heeltemal duidelik nie. Indien wel, kan ek om bogenoemde redes nie met hom saamstem nie.

Ek keer nou terug na art 31 (1). Wat dadelik opval, is dat slegs die eerste frase daarin voorkom. Dié voorwerp moet naamlik teruggegee word aan die persoon van wie dit in beslag geneem is indien hy dit wettiglik mag besit. Van die polisie - anders as van h hof wat h bevel ingevolge art 34 (1) moet maak - word dus nie verwag om te bepaal of hy ook op die voorwerp geregtig is nie. Die eerste frase kom egter

in beide art 31 (1) en 34 (1) voor en aangesien daar geen aanduidings van 'n teenoorgestelde bedoeling is nie, kan aanvaar word dat die frase in albei subartikels dieselfde betekenis het (vgl Durban City Council v Shell and B P Southern Africa Petroleum Refineries (Pty) Ltd 1971 (4) SA 446 (A) 457). Dit volg dus dat ooreenkomstig art 31 (1) die voorwerp teruggegee moet word aan die persoon van wie dit in beslag geneem is tensy sy besit daarvan wederregtelik sal wees.

Gevalle waarin daardie persoon volgens 'n wetsbepaling nie die betrokke voorwerp mag besit nie, of dit nie mag doen sonder 'n vergunning, soos 'n permit, waaroor hy nie beskik nie, lewer geen probleme op nie. In sodanige gevalle sou sy besit van die voorwerp klaarblyklik wederregtelik wees indien dit aan hom teruggegee word. In die onderhawige geval het die appellante hulle nie op sodanige bepaling beroep nie.

Hulle advokaat het nietemin aangevoer dat Nkomo en mej Brown nie in wettige herbesit van die voertuie gestel sou kon word nie omdat dié gesteel is en gesteel gebly het, d w s, nie na die diefstal(le) terugbesorg is aan die persoon of persone van wie hulle gesteel is nie. In besonder is betoog dat indien h persoon h voorwerp soos h voertuig te goeie trou bekom, die polisie daarna ingevolge art 20 van die Wet daarop beslag lê en dit dan tot sy wete kom dat dit steeds h gesteelde voorwerp is, hy nie in wettige besit daarvan kan wees indien dit aan hom terugbesorg word nie.

Na my mening is hierdie betoog gegrond. Behoudens uitsonderings wat nie vir die doeleindes van hierdie appèl ter sake is nie, pleeg h persoon wat wetens gesteelde goed ontvang immers h misdad. Sy besitsverkryging en daaropvolgende besit van die goed is derhalwe wederregtelik.

Dat die wetgewer nie kon beoog het dat h

gesteelde voorwerp ingevolge art 31 (1) terugbesorg moet word aan die persoon van wie dit in beslag geneem is nie, kan aan die hand van die volgende voorbeeld geïllustreer word. A steel 'n fiets van B en verkoop en lewer dit aan C wat onbewus van die diefstal is. Die polisie lê daarop beslag en stel vas dat dit inderdaad B se gesteelde fiets is. Hierdie inligting word aan C oorgedra. Om een of ander rede, bv omdat A inmiddels oorlede is of uit die land gevlug het, word geen vervolging in verband met die fiets ingestel nie. Indien C wel die fiets wettiglik mag besit, moet die polisie dit ingevolge art 31 (1) aan hom teruggee, hoewel daar geen twyfel is dat A die fiets van B gesteel het nie. Ek kan my net nie voorstel dat die wetgewer kon bedoel het dat C onder hierdie omstandighede die fiets moet terugkry nie. Inteendeel moes beoog gewees het dat C nie die fiets wettiglik kan besit nie, en dat dit daarom moet gaan na B wat dit wel dusdanig kan besit.

Die appellante het nie beweer dat Nkomo of mej Brown nie te goeie trou in besit van die betrokke voertuig gekom het nie, of dat hy of sy voor die beslaglegging kennis van die aangevoerde diefstal daarvan gedra het nie. Dit blyk ook nie dat Joubert daarna die inligting wat hy ingewin het aan hulle oorgedra het nie. Indien hulle - in plaas van die respondent - lewering van die voertuie gevorder het, sou daardie inligting egter wel tot hul kennis gekom het. Aangenome dat daaruit blyk dat die voertuie gesteel is en gesteel gebly het, sou terugbesorging van die voertuie aan Nkomo en mej Brown meegebring het dat elk n gesteelde voertuig sou ontvang wetende dat dit gesteel is en met die voorneme om vryelik daaroor te beskik. Weliswaar sou hy of sy nie weet van wie die voertuig gesteel is nie, maar die misdaad bekend as ontvangs van gesteelde goed vereis nie kennis aan die kant van die heler van die identiteit van die persoon van wie die goed gesteel is nie. Nkomo en mej Brown

sou gevolglik nie in wettige besit van die voertuie gestel kon word nie. Die enigste konsekwensie van onvermoë van die polisie om bedoelde identiteit vas te stel, sou verbeuring van die voertuie aan die Staat wees.

Ek kom dan by die vraag of die voertuie wel gesteel is en gesteel gebly het. Soos reeds gemeld, het die hof a quo bevind dat die appellante dit nie bewys het nie. Hierdie bevinding is op appèl aangeveg, hoewel toegegee is dat die las op die appellante gerus het om aan te toon dat Nkomo en mej Brown vanweë diefstal van die voertuie hul nie wettiglik kon besit nie. Dié toeweging is gemaak op grond van beslissings waarin die voorgangers van art 34 (1) van die Wet, d w s art 366 (1) van Wet 31 van 1917 en art 360 (1) van Wet 56 van 1955 (totdat laasgenoemde deur art 50 D (1) van Wet 33 van 1975 vervang is) ter sprake was. Artikels 360 (1) en 366 (1) het egter

bepaal dat na afloop van strafregtelike verrigtinge hof h "spesiale bevel" kon maak betreffende die teruggawe van o a goed waarop beslag gelê is. Indien so h bevel nie gemaak is nie, moes die goed op aansoek en na betaling van sekere uitgawes teruggegee word aan die persoon uit wie se besit dit verkry is tensy dit gedurende die verhoor bewys is dat hy nie daarop geregtig was nie. In sake soos Meyers and Another v Triegaardt N O 1948 (4) SA 208 (W) 210, Goldberg v Minister of Justice and Others 1952 (2) SA 178 (W) 183, en Williams v Regina 1957 (1) PH H92, is beslis dat by ontstentenis van h spesiale bevel die goed aan bogenoemde persoon teruggegee moes word tensy die Staat bewys het dat hy nie daarop geregtig was nie. Die artikels het egter in soveel woorde h bewyslas op die Staat geplaas. Wat meer is, die Staat moes hom van hierdie bewyslas by die verhoor gekwyt het. Die beslissings waarop die appellante se toegewing berus het, is dus nie behulpzaam by bepaling van die ligging

van die bewyslas wat in verband met art 31 (1) van die Wet ter sprake kom nie.

Nietemin meen ek dat die toegewing tereg gemaak is. In eerste instansie konstitueer h beslaglegging van h voorwerp ingevolge art 20 van die Wet h vorm van spoliassie wat statutêr gemagtig is. Die uiteindelijke oogmerk van die magtiging is dat die voorwerp vir doeleindes van bewyslewering of van h hofbevel beskikbaar moet wees by strafregtelike verrigtinge wat in verband met die voorwerp ingestel mag word. Indien hierdie oogmerk nie bereik kan word nie, òf omdat geen sodanige verrigtinge ingestel word nie òf omdat die voorwerp nie by die verhoor vir bogenoemde doeleindes nodig is nie, verval die raison d'être van die beslaglegging. Prima facie is die persoon van wie die voorwerp in beslag geneem is dan geregtig op teruglewering daarvan. Die voorwerp is immers uit sy besit ontnem en die doelwit van die

gemagtigde besitsontrowing kan nie bereik word nie. Anders gestel, die rede waarom hy nie vroeër teenoor die Staat aanspraak op teruglewering van die voorwerp kon maak het nie, bestaan nie meer nie. Art 31 (1) bepaal dan ook dat die voorwerp aan hom teruggegee moet word onderhewig aan die kwalifikasie dat hy in wettige besit daarvan gestel kan word. Sy aanspraak op inbesitstelling van die voorwerp moet dus heel eerste oorweeg word. By ontstentenis van die subartikel sou die Staat verplig gewees het om die voorwerp aan hom terug te besorg nadat behoud daarvan deur die polisie nie meer bogenoemde oogmerk kon dien nie. So gesien, is dit die reël dat hy geregtig op teruggawe van die voorwerp is, en konstitueer die kwalifikasie 'n uitsondering op daardie reël. Dit kom my daarom voor dat die wetgewer beoog het dat die Staat moet bewys dat die persoon wat voor die beslaglegging in ongestoorde besit van die voorwerp was vanweë die kwalifikasie nie op teruglewering daarvan geregtig is nie.

Dat sulks die oogmerk van die wetgewer was, kan verder met verwysing na die feite van die onderhawige geval toegelig word. Na beslaglegging van die voertuie was die polisie by uitstek toegerus om vas te stel of die voertuie gesteel is en gesteel gebly het. Hulle was veral in die gunstige posisie om inligting in te win van persone of instansies wat heel moontlik nie bereid sou wees om dit aan 'n gewone individu te verstrek nie. Nkomo en mej Brown was daarenteen nouliks toegerus om 'n uitgebreide ondersoek betreffende bogenoemde vraag in te stel. Onder andere was hulle nie meer in besit van die voertuie en dié se registrasiedokumente nie. Dit sou dus vir hulle bykans onmoontlik gewees het om te bewys dat die voertuie nie gesteel is nie, of nie gesteel gebly het nie. Aangesien die ondersoek van die polisie juis op verkryging van getuienis ter bewys van sodanige diefstal gerig was, of moes gewees het, sou die

omgekeerde van die polisie waar wees - die betrokke feite sou juis aan hulle bekend of beskikbaar wees. Billikheidsoorwegings het daarom vereis dat die las op die appellante gerus het om te bewys dat die voertuie gesteel is en gesteel gebly het (vgl Mabaso v Felix 1981 (3) SA 865 (A) 873 E-F). Van hierdie las moes die appellante hul in privaatregtelike verrigtinge kwy. Die toepaslike maatstaf was dus bewys op h oorwig van waarskynlikhede: Olivier v Die Kaapse Balieraad 1972 (3) SA 485 (A) 496.

In die verbygaan moet ek daarop wys dat Thirion R in sy ongerapporteerde uitspraak in Mdunge v Minister of Police and Another (936/87 NPA) blykbaar aanvaar het dat die persoon van wie h voorwerp in beslag geneem is, moet bewys dat hy dit wettiglik mag besit. Die ligging van die bewyslas is egter klaarblyklik nie in daardie saak beredeneer nie, en Thirion R het geen redes vir bedoelde aanvaarding

verstrek nie.

Ek kom dan by die vraag of die appellante hul wel van bogenoemde bewyslas gekwyd het. Die hof a quo het o a bevind dat nie bewys is dat die voertuie ooit gesteel is nie. Twee moontlikhede is genoem. Die eerste is dat iemand, soos n oneerlike werktuigkundige, beplan het om n voertuig te steel, met die oog daarop die oorspronklike nommers deur valse nommers vervang het, maar nie sy oogmerk verwesentlik het nie omdat die eienaar vroeër as die bestemde tyd opgedaag het om sy voertuig by die motorhawe af te haal. Die tweede is dat die eienaar van n voertuig self met die nommers kon gepeuter het. Dit sou hy gedoen het indien hy by dagga met die voertuig wou laat vervoer en sorg wou dra dat die voertuig nie met hom verbind kon word indien die polisie dagga daarin sou aantref nie. Die vooruitsigte dat een van hierdie twee moontlikhede sal opduik, is egter so skraal dat hul na my mening buite

rekening gelaat kan word.

Didcott R het ook op 'n derde moontlikheid gewys. 'n Voertuig word gesteel waarna die nommers daarvan verander word op die wyse beskryf deur Joubert. Die voertuig word egter later terugbesorg aan die persoon van wie dit gesteel is as gevolg van, sê, optrede deur die polisie. Bedoelde persoon verkoop dan die voertuig waarna verdere verkope mag volg. Die voertuig het dan nog steeds vervalste nommers maar is nie meer 'n gesteelde voertuig nie.

Indien die gepostuleerde verloop van sake op die Datsun 1400 en Datsun 1800 van toepassing is, was hulle natuurlik nie ten tyde van die beslagleggings gesteelde voertuie nie. Die vraag ontstaan dan of die derde moontlikheid deur die appellante uitgeskakel is.

Indien 'n eienaar onder bogenoemde omstandighede sy gesteelde voertuig terugvind, sal hy bes moontlik nie bewus wees dat die nommers daarvan

verander is nie. Indien dit wel tot sy kennis kom, is dit te betwyfel of hy die moeite sal doen en koste sal aangaan om weer die oorspronklike nommers op die voertuig te laat aanbring. Bedoelde nommers sal egter nog op sy registrasiesertifikaat voorkom en daarom vermeld word in die dokmente wat aangewend word om registrasie van die voertuig in die naam van 'n koper te bewerkstellig. Laasgenoemde se registrasiesertifikaat sal dus ook die oorspronklike nommers bevat. Dit volg dus dat indien met 'n voertuig se nommers gepeuter is, soos met die Datsun 1800 en Datsun 1400 gebeur het, en valse nommers op Nkomo en mej Brown se registrasiedokumente voorgekom het, die afleiding dat die voertuie gesteel is en gesteel gebly het feitlik onafwendbaar sou wees.

Dit is reeds vermeld dat die nommers op bedoelde dokumente verskil van dié wat op die identifikasieplate voorkom (asook van die nuwe nommers

wat op die enjins en onderstelle van die voertuie aangebring is). Joubert het egter slegs die identifikasieplate aan die vervaardiger gestuur. Laasgenoemde is dus nooit versoek om na te gaan of die enjin- en onderstelnommer wat op die registrasiedokumente voorkom valse of egte nommers is nie. Indien dit sou geblyk het dat hulle wel deur die vervaardiger aan onderskeidelik 'n Datsun 1800 en Datsun 1400 toegeken was, sou dit 'n sterk aanduiding gewees het dat die persone van wie die voertuie onder bespreking gesteel is hul wel later teruggevind en daarna vervreem het. In elk geval sou dan vasgestel kon word of dit inderdaad gebeur het. Joubert se versuim om navrae te doen betreffende die nommers op die registrasiedokumente bring dus mee dat die derde moontlikheid nie uitgesluit kan word nie.

Daar is 'n verdere leemte in Joubert se verklaring. Ek kan my skaars voorstel dat die polisie

nie n sentrale register het waarin besonderhede verskyn van voertuie wat as gesteel aangemeld is en wat nog nie teruggevind is nie. Die appellant se advokaat het dan ook toegegee dat daar waarskynlik so n register bestaan. Joubert meld egter glad nie of hy probeer vasstel het of n Datsun 1400 of Datsun 1800 in so n register verskyn nie.

Daar is ook nie enige ander toelaatbare getuienis wat teen die derde moontlikheid spreek nie. Indien Xulu en Conco wel beweer het dat hulle die voertuie van English gekoop het, en laasgenoemde dit ontken het, sou afgelei kon word dat òf Xulu en Conco òf English die voertuie wederregtelik bekom het. Joubert se bewerings in hierdie verband berus egter op hoorsê.

Joubert se stelling dat volgens sy ondervinding slegs met gesteelde voertuie se nommers gepeuter word, baat nie die appellante nie. Die derde

moontlikheid veronderstel immers juis dat die Datsun 1800 en Datsun 1400 wel gesteel is. My indruk van Joubert se verklarings is dat hy nooit oorweeg het of die voertuie na die diefstal(le) teruggevind is nie, en daarom geen ondersoek betreffende hierdie vraag ingestel het nie.

Die appellante se advokaat het ten slotte aangevoer dat dit waarskynliker is dat die voertuie gesteel gebly het as dat hulle teruggevind en daarna vervreem is. Ek kan nie akkoord gaan nie. Die appellante het nooit gepoog om die derde moontlikheid aan die hand van statistiese of ander gegewens die hoof te bied nie. Onder andere weet n mens nie hoe dikwels dit gebeur dat n eienaar sy gesteelde voertuig, die oorspronklike nommers waarvan deur die dief uitgewis is, terugvind nie. Ek wys egter daarop dat die beeldsaai van foto's van sodanige voertuie gedurende die reeds genoemde televisieprogram klaarblyklik daarop

gerig is om die eienaars daarvan te probeer opspoor, en dat daardie gedeelte van die program nouliks aangebied sou word indien 'n redelike mate van sukses nie bereik word nie. Die appellante het hulle gevolglik nie gekwyd van die las om te bewys dat die Datsun 1800 en die Datsun 1400 gasteel gebly het nie.

Ten slotte is dit nodig, meen ek, om die aandag te vestig op gebreke in die bewoording van art 31 (1) wat in die toekoms lig tot onnodige gedingvoering aanleiding kan gee. Eerstens is dit nie voor die hand liggend wie die "betrokke polisiebeampte" is na wie in para (b) verwys word nie. Hy is vermoedelik die polisiebeampte wat die voorwerp in beslag geneem het of "aan wie so 'n voorwerp ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk oorhandig word" (sien art 30). Dit is egter hoegenaamd nie duidelik na welke bepalings verwys word nie. Indien die wetgewer die ondersoek-beampte in gedagte gehad het, is daar geen rede waarom

nie in soveel woorde so gesê sal word nie.

Tweedens, en soos Didcott R tereg aangetoon het, is dit moeilik om uit die subartikel af te lei op welke tydstip die wetgewer beoog het dat verbeuring van 'n voorwerp moet intree. Al wat bepaal word, is dat die voorwerp aan die Staat verbeur word indien strafregtelike verrigtinge nie ingestel word of dit blyk dat die voorwerp nie by sodanige verrigtinge nodig sal wees nie en niemand dit wettiglik mag besit of die betrokke polisiebeampte nie weet van iemand wat dit wettiglik mag besit nie. Moet na die kennis van die polisiebeampte gelet word op die datum waarop, sê, die Prokureur-Generaal weier om te vervolg of moet inligting wat hy daarna inwin ook in aanmerking geneem word? En wat is die posisie indien hy vasgestel het dat 'n voorwerp 'n gesteelde item is maar sy onkunde aangaande die identiteit van die eienaar te wyte is aan 'n versuim om alle redelike navrae te doen? In die lig

van hierdie probleme is dit nie onvanpas om aan die hand te doen dat h herformulering van die subartikel aangewese is nie.

Die appèl word met koste afgewys.

H.J.O. VAN HEERDEN AR

RABIE WND HR

SMALBERGER AR

VIVIER AR

STEM SAAM

STEYN AR